SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
086 133 3786
akademie@akademie.co.za
www.akademie.co.za
Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083

STIGTINGSJAAR 1909

# DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

## OPROEP OM NOMINASIES
## Akademieraadsverkiesing

### Sluitingsdatum: 19 Augustus 2026

Aangesien die huidige Akademieraad se ampstermyn aan die einde van September 2026 verstryk, word nominasies hiermee ingewag vir die verkiesing van Akademieraadslede vir die ampstermyn 2026 tot 2029. Die uitslag van die verkiesing sal tydens 'n **Buitengewone Algemene Vergadering op Donderdag 1 Oktober 2026 om 09:00** bekendgemaak word.

**Let wel:** Weens die wysiging van die datum van die Algemene Jaarvergadering om voortaan vroeër in die finansiële jaar plaas te vind, sal die ampstermyn van die Akademieraad wat tydens hierdie verkiesing verkies word tydens die Algemene Jaarvergadering in April 2029 eindig. Dit is 'n eenmalige oorgangsreëling om die verkiesingsiklus met die nuwe datum van die Algemene Jaarvergadering te belyn. Daarna sal die gewone verkiesingsiklus geld.

### Wie mag nomineer?

Slegs volle Akademielede wie se ledegeld ten volle opbetaal is óf erelede mag kandidate nomineer, nominasies sekondeer of as kandidaat genomineer word.

### Gewenste profiel van kandidate

Voorstellers word aangemoedig om kandidate voor te stel wat oor toepaslike bestuurs- en/of direksie-ervaring beskik en 'n goeie begrip en ervaring het van die bestuur van niewinsgewende maatskappye en die toepassing van die King IV-beginsels.

### Nominasieproses

Die toepaslike nominasievorm moet volledig voltooi en deur die voorsteller, sekondant en kandidaat onderteken word. Voltooide vorms moet teen **Woensdag 19 Augustus 2026 om 16:00** per e-pos of per hand by MVB Audit & Advisory ingedien word:

### MVB Audit & Advisory

**E-pos:** theunis@mvb.co.za

**Per hand:** Sanlynn Office Park, Oostelike Blok, Tweede verdieping
H.v. Sanlamweg en Alkantrantweg,
Lynnwood Manor, Pretoria, 0081

**Tydlyn**

| Datum | Aktiwiteit |
|---|---|
| 15 Julie | Oproep om nominasies (volle lede en erelede) |
| 19 Augustus | Nominasies sluit |
| 20-24 Augustus | MVB Audit & Advisory verifieer nominasies |
| 27-31 Augustus | Die Akademiekantoor verwerk geldige nominasies |
| 1-7 September | Aanlyn kiesstelsel word opgestel |
| 10-17 September | Lede stem |
| 17-24 September | MVB Audit & Advisory verifieer uitslae |
| 1 Oktober | Buitengewone Algemene Vergadering: uitslae word bekendgemaak |
| 1 Oktober | Konstitueringsvergadering |